Claus Riding

From: Christo de Wet <christojdewet@gmail.com>
Sent: 10 March 2017 11:00
To: Claus Riding
Subject: Witels (Adderley str tot Michells Pas)

Met hierdie verslag wil ek net beklemtoon hoe belangrik die rol van 'n groep se leier is.
Ek het die naweek van 4/5 Maart 'n groep vriende in Witels kloof ingevat. Ons is Adderley str af en het stroom af beweeg. Vier ure nadat ons begin het Saterdag oggend,het een man erg begin sukkel met blase op sy voete. Ek het sy voete behandel,vir hom ekstra sokkies gegee om aan te trek en die groep bymekaar geroep om ons situasie te bespreek.

Teen die spoed waarteen ons beweeg het,en met die toestand van sy voete het ek geweet ons gaan nie Michells Pas,twee dae verder, op tyd bereik nie. Ek het voorgestel dat ons omdraai en terug gaan,omdat selfoon opvangs en die verdere moontlikheid op hulp van buite af net minder sou word. Hy het my verseker dat sy voete nou beter is en dat hy dit sou maak tot op die einde. Teen 14h00 het ons die eerste poel bereik waar deurgeswem moet word. Ek vind toe uit dat die man met die blase nie kan swem nie,'n feit wat my weerhou is terwyl ons die trip beplan het. Ons was te ver af om te kon omdraai,en het aangehou deur nog 10 swemme.

Sondag het ek deurentyd ons situasie opgesom en moontlike oplossings vir ons probleem probeer bedink. Ons het steeds te stadig beweeg en sou beslis nie die uitklim tyd maak nie. Die toestand van sy voete het versleg,en hy het al hoe swakker geword. Teen 16h00 Sondag middag het ek die groep gesê om in die kloof te oornag,terwyl ekself en nog 'n sterk stapper sou uitstap en hulp te kry.

Teen 22h00 Sondag aand,en na drie ure se donker het ons met kopligte aan Michells Pas bereik. Witels in die nag is uiters uitdagend. Ons is opgetel en het dadelik met WSAR gaan sit en aan hulle die situasie verduidelik. Hulle helikopter is ontbied vir die volgende oggend en die manne is uit die kloof opgepik.

Sorg asseblief dat jy jou groeplede ken,en maak seker dat hulle eerlik is met jou oor hulle bergklim onderving. Maak seker almal het die regte toerusting.

Christo de Wet
Ceres
082 851 9407

Sent from my iPhone: Christo de Wet=